

2 September

Skrifgedeelte: Psalm 119:25-48

Fokusgedeelte: Psalm 119:26,27,35

Here, help my om gehoorsaam te wees!

Ek wil graag vandag die Here se opdragte gehoorsaam, maar op my eie kan ek nie. Dis `n waarheid wat die digter van hierdie gedeelte van Psalm 119 so duidelik uitspreek. Ja Here, soos die digter is ek vandag lief vir u woorde en u opdragte. Dit maak my bly en opgewonde. Ek wil dit graag doen, maar uit myself kan ek nie, want ek is swak.

Vier keer bid die digter in hierdie gedeelte: "leer my" en nog drie keer: "laat my". Hy besef hy is volledig afhanklik van die Here om gehoorsaam te kan wees. Laat ons elkeen daarom vandag met smeekbedes na die Here kom en Hom vra om ons op die pad van gehoorsaamheid te help.

Vra Hom vir insig in sy Woord en ware begrip van dit wat Hy vandag prakties van jou verwag. Smeek Hom om jou deur die inwerking van sy Heilige Gees te leer. Dink aan Jesus se woorde in Joh 14:26: "...wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek julle gesê het."

Vra die Here vir die moed, die krag, die wil en die selfbeheersing om vandag sy opdragte prakties te gaan uitleef. Vra Hom om jou op hierdie wyse te bewaar van `n skyngodsdienst wat nie werklik uitgeleef word nie. Laat die woorde van Paulus jou vandag daartoe inspireer: "Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal" (Gal 5:25).

Sing: Skrifberyming 14:2

Ds L du P van der Vyver (Silverton)